

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
13 Mei 1979

Onderwerp: Sukses  
Jeugdiens

Lees: Kolossense 2 verse 4 tot 23

Teks: Kolossense 2 vers 6

Sing: Psalm 42 verse 1 en 6  
Gesang 305 vers 1  
Gesang 270 verse 1 en 3

“Elke jongmens wil graag van die lewe ’n sukses maak en in hierdie proses is daar vyf faktore wat in ’n mens se lewenstoerusting ’n belangrike rol speel:

“Jou loopbaan;

“jou agtergrond en identiteit;

“jou opvoeding;

“jou kwalifikasies; en

“jou sekuriteite en lewensinkomste.

“Dit gee aanleiding tot vyf vrae:

“Wat gaan ek doen en hoe gaan ek leef?

“Wie is ek?

“Hoe kan ek verder ontwikkel en groei?

“Watter waarborg of sekuriteit het ek om eendag suksesvol te wees?

“Wat gaan ek verdien en watter kansse gaan die lewe my bied?

“Op hierdie vrae moet elke jongmens ’n antwoord vind, anders bly hy of sy soekende en koersloos. En om hierdie antwoorde te vind, moet elke jongmens kies. En dit bepaal wel deeglik jou lewenslot en jou eindresultaat. En dit is hier waar mense se paaie in twee rigtings verdeel.

“Wat wêreldse keuses betref, soek sommige mense sukses deur middel van kennis. Hoe meer ek weet, hoe slimmer is ek. Hoe meer grade ek besit, des te groter is my lewenskansse en lewenssukses.

“Ander soek hulle heil in die stoflike, in hulle besittings. Want die wêreld gebruik eer, posisie en invloed as maatstaf om te bepaal wat jy werd is. Daarom gaan dit vir hulle in die lewe om soveel as moontlik hier bymekaar te maak.

“Ander soek sukses in hulle eie EK. Die EK met sy vermoëns is vir sommige die waarborg van sukses.

Handhaaf jouself en wees populêr. Soek roem, eer en prestige om jou lewe 'n sukses te maak.

“Hierteenoor het Paulus, gevul met die Gees van God en sy Woord, nie in die beperkte verstand en rede van die mens lewenssukses gesoek nie. Hy het dit ook nie in materiële welvaart, of in die vermoëns van die self gesoek nie. Nee, Paulus het dit alles by hom laat verbygegaan en het sy antwoorde op die lewensvrae gevind in Jesus Christus. In Jesus Christus, die Nasarener, wat geen graad gehad het nie. Wat 'n timmerman was en geen besittings gehad het nie. Wat onpopulêre was, en volgens Jesaja, verag en deur die mense verlaat was.

“Maar waarom is Jesus die enigste antwoord op al ons lewensvrae?

“Omdat Jesus Christus die Here en Heerser is. Hy is die Vors van die lewe: ‘Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie.’ (Joh 11:25,26) Hy is die enigste Een wat verlos. Hy is die beeld van die onsienlike God. Alle dinge is deur Hom geskape. As jy Jesus Christus verwerp, is jy 'n mislukking en 'n verlore sondaar.

“Wil jy sekerheid hê dat jou lewe 'n sukses sal wees? Dan moet jy Jesus kies. Neem Hom aan as jou Verlosser. Dan moet Jesus Christus die uitgangspunt van jou lewe wees. In Hom kry 'n mens die regte perspektief op hierdie lewe. Paulus het gesê: ‘Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom, gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof soos julle geleer is’. (Kol 2:6,7)

“Jy kan wel sonder Jesus Christus presteer, maar 'n prestasie sonder God is waardeloos.

“Om Jesus aan te neem is nie bloot 'n lippebelydenis, of 'n verstandelike ingestemdheid tot die leer van Jesus Christus nie. Nee, dit is 'n persoonlike ontmoeting met Jesus Christus, die Saligmaker. Dit is 'n geloofsoorgawe aan die heerskappy van Jesus Christus oor jou lewe. Dit is 'n positiewe beslissing en radikale verandering van jou bestaan.

“En moenie dink dat hierdie oorgawe aan Jesus sonder teenstand gaan wees nie. Die grootste teenstand sal van jou eie EK kom. Die EK hierbinne wat onwillig is om sy eie troon te verlaat en plek te maak vir Jesus Christus. En soms kom die teenstand van hulle wat naby aan ons is.

“Dit is van deurslaggewende belang om onself aan Jesus te gee. As ons sekerheid oor ons sukses in die

lewe wil hê, dan moet ons onself sonder voorbehoud in Jesus se hande plaas. As jy Jesus aangeneem het, dan vind jy antwoorde op al vyf lewensvrae.

“Wat gaan ek doen?”

“Dan is daar nie meer onsekerheid oor my loopbaan, oor die vraag wat ek eendag gaan doen en hoe ek my lewe gaan deurbring nie. Nee, daar is geen illusies meer nie, want ons teks gee die antwoord: ‘Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom’. Wandel in Hom wat die weg is. Jesus Christus word dan my loopbaan. In Jesus weet ek dat my Christenskap meebring dat ek ten diepste nie ’n onderwyser, boer, klerk of predikant is nie, maar ’n getuie en dienskneg van Jesus Christus. Dan weet ek dat watter beroep ek ook al mag beklee, ek voltyds in die diens van die Meester staan.

“Om met God te wandel, beteken nie om net Sondae ’n uitstappie met God te onderneem nie. Om in God te wandel, beteken om doelgerig met God te leef in intieme gemeenskap met Hom.

“Wie is ek?”

“In Christus Jesus alleen kry my agtergrond en identiteit sin en betekenis. In Christus Jesus weet ek dat ek nie maar net ’n nommer by God is nie. God is die oorsprong van my lewe. Dan het my lewe sin en betekenis wat jy nêrens anders vind nie. Dan weet ek: ‘Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.’ (Joh 3:16)

“Jesus Christus bepaal die aard, kwaliteit, karakter en identiteit van jou lewe. Met Jesus Christus in jou lewe sal God jou bewaar dat jy nie langs die pad in die stroom sal verdwyn nie.

“En hoe geweldig is daardie stroom nie. Oral is daar Jaels wat wink: ‘Draai uit, my heer, draai uit na my! Moenie bang wees nie!’ (Rig 4:18) Sonder Jesus loop ons die gevaar om soos Sísera toe te gee en uit te draai na die tent van Jael, onbewus van die tentpen van die dood.

“So word baie ideale vernietig. En die grootste verdriet wat ’n ouer aangedoen kan word, is wanneer hulle kinders se ideale skipbreuk lei. Hoeveel ouers het nie al met die smart van Sísera se moeder gekla nie: ‘Waarom vertoef sy wa om te kom? Waarom versuim die passes van sy wa-span?’ (Waarom hoor ek nie die geluid van sy wa-span nie.) (Rig 5:28)

“Hoe kan ek verder ontwikkel en groei?”

“Jou opvoeding het alleen in Jesus Christus waarde. In Jesus Christus weet jy dat jou ware opvoeding daarin bestaan, nie dat jy goeie maniere het nie, maar dat jy sal groei in heiligmaking. Dat jy opgebou word ‘tot ’n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus’. (Ef 4:13)

“Watter waarborg en sekerheid het ek om suksesvol te wees?

“Jesus Christus is die enigste sekuriteit en waarborg in hierdie lewe: ‘Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.’ (Joh 14:6)

“Wat gaan ek verdien?

“Vir Paulus het dit nie gegaan oor wat hy eendag sou verdien nie, of wat hy uit die lewe kon haal nie. Sy wandel in God het hom tot die oortuiging gebring dat die vreugde en sukses van die lewe nie deur stoflike dinge bepaal word nie, maar deur die genadegawes van God. Paulus het gesê dat die ganse lewe vir hom ’n gawe van God was.

“Liewe Jongmens en Kinders, as julle só in Jesus Christus wandel, sal julle suksesvol wees. Maar dan moet julle enduit met Hom wandel. Paulus waarsku teen ’n oppervlakkige godsdienst. Want só ’n godsdienst word meestal beoefen ter wille van jouself en nie ter wille van Jesus Christus nie. Daar wag ontnugtering vir hulle wat slegs vir die skyn met God wandel en vir die skyn in die oë van die wêreld wil paradeer as Christene. Daar is slegs sukses vir elkeen wat innig met God wandel.

“Jy sal in Jesus Christus sukses vind: ‘Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag’. (Kol 2:9,10)

“Amen.”